



Verwysing: 20190813-7831

Lêernommer: 12/2/7/P

Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0043/2019

Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Die doel is om gewone openbare skole in te lig oor die tydraamwerke vir aansoeke vir toelating tot skole van die Wes-Kaap Onderwysdepartement asook die bestuur van die skooltoelatingsinligting vir 2020/21.*

Onderwerp: Datums en tydraamwerke vir aansoeke vir toelating tot gewone openbare skole asook die bestuur van die skooltoelatingsinligting vir 2020/21

1. Die aanvraag na leerplekke by skole in die Wes-Kaap groei jaarliks. Om toelatings doeltreffend te kan bestuur, word skole versoek om die volgende tydraamwerke vir toelatings na te kom.
2. Die maatreëls wat in hierdie omsendbrief uiteengesit is, is van toepassing op **2020**-aansoeke vir toelating tot gewone openbare skole in **2021**.
 - 2.1 Die WKOD sal voortgaan met 'n uitgebreide loodsprojek om aanlyn toelatings vir die toelatingsproses 2020/21 te toets.
 - 2.2 Die volgende algemene datums vir toelating laat die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) toe om doeltreffender te beplan vir die voorsiening van klaskamers, diensstate, die verkryging van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) en alle ander sistemiese intervensies wat nodig is om te verseker dat skole gereed is om elke jaar te begin.
- 2.2 Skole word versoek om die volgende toelatings-tydraamwerke van die WKOD na te kom wat op alle **gewone openbare skole van toepassing sal wees**:

MAAND	2020/21 DATUMS	AKTIWITEIT
Februarie	03–06 Februarie 2020	Die prinsipaal verifieer die outomatiese beplande inskrywings op SOBIS en teken dit af
Februarie	07–11 Februarie 2020	Kringbestuurders verifieer die outomatiese beplande inskrywings op Edu-InfoSearch en teken dit af
Februarie	17 Februarie 2020	Skooltoelatings open (alle gewone openbare skole)
Maart	17 Maart 2020	Skooltoelatings sluit (alle gewone openbare skole)
Maart–Mei	17 Maart–11 Mei 2020	Skole verwerk aansoeke
Mei	11 Mei 2020	Prinsipale finaliseer die stand van alle aansoeke op SOBIS en teken dit af
Mei	15 Mei 2020	Stelsel vertoon die uitslag van alle aansoeke
Mei	15–22 Mei 2020	Ouers word per e-pos/SMS van die uitslag ingelig
Junie	05 Junie 2020	Ouers bevestig aanvaarding
Junie - Julie	6 Junie - 24 Julie 2020	Skole vul beskikbare plekke.
Jun - Sep	6 Junie – September	Skole vul beskikbare plekke. Ouers moet die plek binne 3 dae aanvaar en bevestig.
Kwartaal 3/4	Kwartaal 3/4	Die WKOD finaliseer en plaas nie-geplaasde leerders in oorleg met skole.
Kwartaal 4	Ná vordering en bevordering afgeteken is	Skole bevestig inskrywings op SOBIS

3. Indien ouers nie teen **05 Junie 2020** aanvaarding bevestig nie, mag skole sodanige plekke aan leerders op die waglys, of aan ander leerders wat nog geplaas moet word, bied.
4. Die **prinsipaal**, as die verantwoordelike beampte, moet die stand van die aansoeke op 11 Mei 2020 op SOBIS afteken, aangesien die suksesvolle stand van h' aansoek nie na die publikasie op 11 Mei 2020 omgeskakel kan word nie.
5. Die toelatingstelsel genereer h' lys met leerders wat nog nie geplaas is nie en dui aan watter skole beskikbare plekke het namate die aansoeke verwerk word.

6. Dit is dus van kardinale belang dat skole aansoeke teen die sperdatums verwerk om te verseker dat amptenare akkurate inligting het wat gebruik sal word om ouers oor die beskikbare plekke in te lig.
7. Ouers word sterk aangeraai om by meer as een skool aansoek te doen. Dit sal verseker dat ouers ten minste 'n ander moontlike opsie het as die skool van hul keuse nie 'n plek het nie.
8. Ouers moet hul voorkeurvordering op die stelsel aandui. Dit skakel die beperking van plekke uit wat die finalisering van toelatings op 'n jaargrondslag vertraag.
9. Ouers moet die volgende webadres, <https://admissions.westerncape.gov.za> gebruik om hul finale keuse te maak. Toegang tot die webwerf kan deur enige toestel met internettoegang verkry word, soos byvoorbeeld, skootrekenaars, tablette of selfs slimfone.
10. Alle aansoeke, hetsy deur die ouers vasgelê of by die skool ingehandig, **MOET** op die stelsel vasgelê en verwerk word.
11. Let asseblief daarop dat in die geval van 'n toelatingsappèl, geskilpunt of 'n wettige protes, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te voorsien, soos byvoorbeeld wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Die besonderhede sal dan vanaf die amptelike WKOD-toelatingsinligtingstelsel se databasis verkry word.
12. Ouers moet voor 00:00 op 05 Junie 2020 aanvaarding van hul finale keuse bevestig. Indien ouers nie die **finale aanvaarding teen hierdie datum en tyd bevestig nie, sal die stelsel outomaties die eerste suksesvolle aanbod van 'n skool op die lys aan die leerder toeken.**
13. Ouers kan aanvaarding bevestig deur direk op die stelsel te klik, of hulle kan 'n bevestigingsbrief of antwoordstrokie direk by die skool inhandig. Die skool moet dan voor 00:00 op 05 Junie 2020 die bevestiging van die aanvaarding op die stelsel laai.
14. Ouers moet kopieë van ondersteunende dokumente wat op die stelsel benodig word, oplaai wanneer hulle aansoek doen. Hulle moet voor 00:00 op 05 Junie 2020 **gewaarmerkte afskrifte van ondersteunende dokumente** by die skool, wat die leerder sal bywoon, inhandig. Skole/beheerliggame het verder die reg om aansoeke te verwerp indien ouers valse/oneerlike of bedrieglike dokumente inhandig.
15. Nadat ouers plekke bevestig het, kan die skool voortgaan om plekke wat oopgaan aan leerders op die waglys, of aan leerders wat nog geplaas moet word, te bied.
16. Skole word versoek om alles in hul vermoë te doen om ouers te magtig om op die stelsel aansoek te doen deur hulle op die volgende maniere te help:
 - 16.1 Beheerliggame kan ouers toelaat om onder toesig in gekontroleerde omstandighede toegang tot die rekenaarlaboratorium te verkry waar die risiko vir die skool baie laag is.

16.2 Betroubare en geloofwaardige ouers, onderwysers, administratiewe personeel, persone wat internskap doen, of rekenaarvaardige leerders in graad 7 tot 12 kan aanbied om ouers met die aanlyn-aansoekproses te help.

17. In gevalle waar daar geen toegang tot die internet is nie, mag ouers toegang tot die internet in openbare biblioteke kry, of hul aansoeke direk by skole inhandig, of hulp van die distrikskantoor aanvra.

18. Skole word daaraan herinner dat ouers te alle tye die stand van hulle aansoek op die stelsel kan nagaan. Dit is dus baie belangrik dat skole seker maak dat die stelsel die uitslag van die aansoeke te alle tye korrek aandui en by die tydraamwerke hou.

19. **Oplossings in gevalle waar 'n leerder nie 'n plek by 'n skool gekry het nie**

Die betrokke distriksamptenare wat met die toelatingsadministrasie werk, sal toegang hê tot die lysste met leerders wat nog nie geplaas is nie, sowel as beskikbare plekke by skole in die distrik. Hierdie amptenare sal versoek word om met die plasing van leerders te help deur met skole in hulle onderskeie distrikte en kringe te skakel.

20. Met die toenemende aanvraag na plekke by skole, vertrou die WKOD dat hierdie maatreëls vir skole en ouers van hulp sal wees. Ons wil graag prinsipale, beheerliggame en amptenare bedank vir hulle ondersteuning om alle leerders in skole te plaas.

21. **Voorspraakprogram**

21.1 Die WKOD sal 'n volledige voorspraakprogram van stapel stuur. Dit sal verskeie mediavorms en platforms insluit om die algemene publiek in te lig.

21.2 Dit sal gedrukte media, plakkate, pamflette en gedrukte advertensies sowel as radio en toepaslike sosialemediaplatforms insluit.

21.3 Inligting- en opleidingsessies oor die stelsel sal gedurende September tot November 2019 vir alle amptenare en skooltoelatingspersoneel gehou word. Besonderhede oor hierdie sessies sal volg.

22. Alle navrae oor toelatings kan ge-e-pos word aan WCED.Admissions@westerncape.gov.za of aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder van elke distrik gerig word.

23. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2019-11-15